Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 31/03 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Uit die kantoor:**

   As skoolgemeenskap kan ons met dankbaarheid terugkyk na 'n besige, maar wonderlike kwartaal.

   Ek wil graag ons ouers en almal betrokke by die skool bedank vir hul ondersteuning. Ons maak staat op u volgehoue betrokkenheid vir die res van die jaar.

   Ons leerders is vir ons belangrik daarom dra ons hulle op aan die Vader en werk ons aan die uitbreiding van Sy koninkryk.

   Vergun my om 'n paar hoogtepunte van die kwartaal met u te deel:

   - McLachlan ontvang erkenning van die Departement van Onderwys vir sy puik matriekuitslae (90-99%);
   - Dylan Charli (gr. 7) wen die Netwerk 24-wiskundekompetisie in die Koukammadistrik;
   - by die SOK wen McLachlan die laer- en hoërskoolbekers en die skild as die algemene wenner van die byeenkoms;
   - verskeie van ons atlete het deurgedring tot OP-proewe;
   - netbal- en rugbyspelers vertoon goed;
   - leerders neem deel aan nasionale toneelspelkompetisie in George;
   - Bun Booyens bied aan om die redaksie van <u>Die Blaker</u> te kom help en
   - ons bied 'n Eskom Expo-werkswinkel aan om leerders te motiveer om deel te neem.
   - Die nuwe Landbouvak se leerders was op hul eerste praktiese uitstappie.
   - Daar is leerders wat baie hard werk aan hul akademie, maar daar is ook diegene by wie daar nog baie ruimte vir verbetering is.

   Daar is verskeie uitdagings wat ons planne vir akademie en opvoedkundige geleenthede gekniehalter het:

   - Leerders bly by die huis na die toetsreeks, terwyl akademie voortgaan. Ouers moet verantwoordelikheid neem vir hul kinders se skoolbywoning en opvoeding.
   - Ekstra klasse word swak bygewoon. Dit wil voorkom of hulle nie die regte gesindheid teenoor hul skoolwerk het nie.
   - Die swak gedrag van sommige leerders en die gevolglike verbreking van die geondertekende erekode is sorgwekkend.

   Dit is met hartseer wat ons hierdie kwartaal van die volgende bekwame personeellede moes afskeid neem:
   mevv. Augusta Mattheus, Mari Schreiber en Debbie Niehaus. Ons beste wense vergesel hulle op die pad vorentoe.

herotel
IGEN

Ek en die personeel van Hoërskool McLachlan wens u 'n geseënde Paasfees toe. Mag die herdenking van die kruisiging en opstanding van Jesus vir u van groot betekenis wees.

2. **Merietelys – Kwartaal 1:**

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Gr. 4:** | Nehan Johnston | Jacobus Koorzen | Alexis Vermeulen | Frederik Mey | Igné Ferreira |
| **Gr. 5:** | Eric Greeff | Nicky Muller | Janko Murray | Marthinus Lewis | Akeelah Sadien |
| **Gr. 6:** | Amoné Botha | David Baldie | Matthys Wright | Gideon van Vuuren | Stefan Basson<br>Jan Schoeman |
| **Gr. 7:** | Lilitha Ferreira | Alana Johnston | Kaylee Barnard | Ockert Koorzen<br>Lienke Strydom | Le Roux Muller<br>Marnelle Oberholster |
| **Gr. 8:** | Robby Stamps<br>Luzaan Venter | Amish Roberts | Alex Kritzinger | Andries van Greunen | Demi-Lee Simpson |
| **Gr. 9:** | Marlu Kritzinger | Lerissa Lubbe | Shané Qwazi | Feyolin Kapank | Pravanya Zondagh |
| **Gr. 10:** | Ria-Mi Ferreira | Gerbri Ferreira<br>Anlea Ferreira | Shanique Bruinders<br>AJ Theron | Suné Thalie | Andries Snyder |
| **Gr. 11:** | Elanie Kritzinger | Emelee Smith | Arné Oelofsen | Sese Khova | Denique Ferreira |
| **Gr. 12:** | Miencke Strydom | Taryn Koelman | Sjanique Alberts | Anika Kritzinger | Janco de Kock |

3. **Finansies:**

- Mev. Mattheus verlaat McLachlan op 31 Maart 2023. Mev. Lelanie Ferreira neem by haar oor as finansiële klerk, en ouers kan in die toekoms mev. Ferreira kontak op die skool se nommer, 042 9402775, of op haar selfoon. Die nommer is 079 524 1716.

- Busgeld:
  Busgeld vir die 2de kwartaal is betaalbaar teen 26 April 2023. Indien die busgeld nie teen hierdie datum vereffen is nie, sal die leerders ongelukkig nie verder van die busdiens gebruik kan maak nie. Die busgeld is as volg:

  Krakeelrivier: R1920 per leerder per kwartaal
  Louterwater: R2180 per leerder per kwartaal
  Misgund: R2440 per leerder per kwartaal

- Kopieerkoste:
  Ons merk dat daar nog heelwat leerders se kopieergeld, van R550 vir 2023, uitstaande is. Die koste van fotostate is elke maand ± R48 000, wat bestaan uit die huur van die fotostaatmasjiene, papier en ink. Die skool is nie finansieel instaat om die koste te dra indien ouers nie hulle verpligtinge in die verband nakom nie. Die finale datum van die betaling hiervoor is 31 Maart 2023. Ons maak staat op u samewerking.

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Ferreira by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

herotel

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 334415 |
| | Verwysing: | **Kind se naam en van** |

4. **<u>VCSV-kampe</u>:**
Daar word elke jaar 'n provinsiale kamp gehou vir verskillende ouderdomme en die kinders geniet hierdie kampe vreeslik. Hierdie jaar raak dit net beter. Daar is meer skole betrokke, wat die kampe net gaan laat groei. Indien u kind belangstel in die VCSV-kamp kan hy/sy 'n vorm by juf. Lieshe kom haal.

| | | |
|---|---|---|
| Kampdatums: | Gr. 1 - 2: | 1 - 3 September |
| | Gr. 3 - 4: | 18 - 20 Augustus |
| | Gr. 7: | 11 - 13 Augustus |

Gr. 5 tot 6 se kampdatum sal nog bevestig word. Meer inligting sal op die klasgroepe van gr. 5 tot 6 gestuur word.

5. **<u>Graad 7 NW-uitstappie:</u>**
Die graad 7-leerders het op Woensdag, 29 Maart, die skulpiemuseum in Jeffreysbaai besoek. Hulle het na 'n baie interessante lesing oor skulpe en besoedeling geluister, daarna het hulle op die strand gaan stap en skulpe gesoek. Die leerders het dit baie geniet. Baie dankie aan juf. Marie vir die inisiatief.

6. **<u>Sport</u>:**

- <u>Netbal: Oos-Kaapproewe</u>**:**
  Baie geluk aan die volgende leerders wat deurgedring het na die finale rondte proewe wat plaasvind op 14 April te Grahamstad:
  0/13 – Marnelle Oberholster
  0/14 – Luzaan Venter
  0/18 – Sjanique Alberts, Taryn Uithaler

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit